

BETROUBARE OORPLAATJIES



Bestuur risiko met GMPBasic®

Met die hoë risiko van oordraagbare siektes, besmetting van skoon kuddes en onvrugbare manlike diere, is dit amper nie meer moontlik om nie die nodige inligting en bewyse na te speur nie. In die afwesigheid van 'n dier se gesondheids-geskiedenis en gesertifiseerde rekords, kan jy vir jouself 'n kat in sak koop. Juis daarom is dit die moeite werd om jou lewendehawe met GMPBasic®-bestuursagteware te bestuur.

Voordelig vir verkoper en koper

Die gebruik van die bestuurstelsel in die dag-tot-dag hantering en prosessering van produksiediere skakel die duplisering van data-aantekening uit. Eenmalige aantekening vir individuele diere bied ook beskerming aan beide die produsent en koper, aangesien aantekeninge soos entstof en produksie naam krities is.

Die eerste rede hiervoor is om die dier se profiel in die stelsel te registreer. Hierdeur word die dier in die program se inventaris geplaas. Elke dier se identifikasie is naspeurbaar in die stelsel, primêr deur die stelsel se eksterne visuele, nie-herbruikbare, peutersigbare oorplaatjies. Daar is ook ander identifiseerders beskikbaar, soos die verpligte brand- of tatoeëermerk, die dier se DNS sterthaar- en follikelmonsters, sy DNS-kode wat deur 'n laboratorium getoets is, mikroskyfies, foto's en sertifikate.

Verdere belang van identifikasie

Deur die dier sekuur en sonder herhaling volgens sy nommer op die produsent se stelsel te kan bestuur, verbeter die korrektheid en akkuraatheid van inligting. In die stelsel kan diere bv. getel word deur die visueel leesbare oorplaatjies se nommers in die program op 'n skootrekenaar of Windows 8-tablet langs die drukgang te selekteer.

Alternatiewelik kan 'n gedrukte lys gebruik word om die nommers af te merk en dit kan dan later in die gemak van 'n kantoor met die GMPBasic-sagteware gekombineer word. Vir produsente wat verder wil opgradeer, is daar kombinasie-oorplaatjies (visuele en elektroniese plaatjie) wat deur die RFID-stokleser getel kan word en dan teenoor hul rekords, wat reeds in die program geregistreer is, geboekstaaf kan word.

Sertifikate ter bewys

'n Dier kan ook by wyse van 'n koopsertifikaat, 'n siektetoetsertifikaat, ram- of bulvrugbaarheidsertifikaat en gesondheidsertifikaat geïdentifiseer word. Die GMPBasic-stelsel leen hom daartoe dat bogenoemde sertifikate nie alleenlik in die hande van die uitreiker se rekordstelsel bly nie, maar dat 'n kopie hiervan, deesdae meer gereedlik in PDF-formaat, beskikbaar gestel word.

Derde partye wat sulke sertifikate uitreik, word deur ouditwetgewing verplig om die rekords vir ten minste vyf jaar beskikbaar te hou. Die sertifikaat kan deur die GMPBasic-gebruiker teenoor die dier se geregistreerde profiel (kommersiële-, stoet- en ander diere) geplaas word, bv. langs die dier se foto vir makliker visuele verifiëring van die dier.

Hoe voeg foto's waarde by?

Foto's kan ook aan die sertifikaat-uitreiker verskaf word om as teenverifikasie vir die persoon op sy rekords geplaas te word. Hierdeur plaas die stelsel die integriteit van die data op 'n baie hoë vlak, maar dit is ook baie prakties bekombaar vir GMPBasic-gebruikers en ander diere-eienaars.

Die selfde foto's kan op 'n ander kontroleblad vanuit GMPBasic vir veewagters of enige iemand wat daarmee moet werk as 'n ekstra verwysingskontrole-metode dien. Die foto's word eers van die kamera afgelaai op die rekenaar, gewoonlik in die "My Pictures"-lêer of enige ander lêer wat die operateur verkies. Elke dier se foto's word dan teenoor die dier se rekords ingetrek.

Sodra die dier se data gestoor is en die GMPBasic-rekenaar na die databasis gesinkroniseer is deur middel van 'n Internet-verbinding, kan die foto beskikbaar gestel word aan gemagtigde persone soos die veediefstaleenheid, polisie, staatsveearts, privaat veearts en versekeringsbeampte. Hierdeur kan verskeie rolspelers die foto gebruik tot voordeel van die GMPBasic-gebruiker.


Navrae: Rachelle Cloete by 083 630 7181 of e-pos support@gmpbasic.co.za. Besoek www.gmptags.co.za vir algemene inligting en www.gmpbasic.co.za om oorplaatjies te bestel.

Gebruik Tegnologie!

Beplan om meer kompetender te wees?

Begin vandag nog met
GMPBasic™
bestuursagteware

Weeg / Medisyne
Geboorterekords / Verslae
Bestuurskalenders en vele meer



Elektroniese oorplaatjies

Veeboere / Voerkrale / Melkerye
Produk ondersteuning aan
produsente

Kontak: 011 954 4971
Selfoon: 083 630 7181
Vir verdere inligting:
sms jou besonderhede aan
083 263 3471 of epos aan
support@gmpbasic.co.za
www.gmptags.co.za